

Publication: Burger,Die(Oos-Kaap) (Main)
Publication Date: 17 Jul 2017
Page: 3

AVE: 4111.17
Circulation: 7783
Part: 1 of 1

# Moenie SA se jong atlete te erg druk nie, maan sportkenners

Jong Suid-Afrikaanse atlete presteer op die Internasionale Vereniging van Atletiekfederasies (IAAF) se o.18-Wêreldkampioenskap in Nairobi, Kenia.

Suid-Afrika het gistermiddag al agt medaljes gewen en het voorgeloop met vier goue, twee silwer- en twee bronsmedaljes.

Die toekoms van dié atlete hang af van goeie afrigting, geld en om hulle nie "te hard te druk vir senior kompetisies nie," sê dr. Christa Janse van Rensburg, 'n sportdokter en hoof van die Universiteit van Pretoria se afdeling vir sportgeneeskunde.

Sy het by navraag gesê in rugby is daar 'n kultuur om die juniors te vinnig te druk om saam met die seniors te speel. Dit lei onder meer tot beserings. "Ek hoop die jong atlete word toegelaat om vir die volgende paar jaar op die vlak waar hulle hoort mee te ding. Dit gee hulle die geleentheid om reg te ontwikkel," het sy gesê.

Prof. Ben Coetzee, sportwetenskaplike aan die Noordwes-Universiteit, sê goeie afrigting is die kern van goeie prestasie.

Hy is seker dat elkeen van dié junior atlete wat presteer, bevoorreg is om toegang tot 'n goeie afrigter te hê. "Jy kan doen wat jy wil, maar as jy nie dit het nie, kan jy nie so presteer nie," het hy gesê.

Netwerke is deur die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (Saskok) geskep om te help, het hy gesê. Daar is ook die aansporing van senior atlete wat beter vaar en geld kan verdien uit die Diamantliga. Coetzee het bygevoeg "polities bly dit moeilik, want wat op die grond gebeur en wat bo in die bestuur aangaan, is twee verskillende dinge". – **Elsabé Brits**

■ **Lees ook berig op bl. 15.**



**Zeney van der Walt en Zazini Sokwakhana het albei goud gewen in die 400 m-hekkies in Nairobi.** Foto: GALLO




This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.